Ek het ‘n huisie by die see

HA Fagan

Ek het ‘n huisie by die see. Dis nag.
Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan
teenaan die rots waarop my huisie staan
met al die oseaan se woeste krag.
Ek hoor die winde huil – ‘n kreun, ‘n klag
soos van verlore siele in hul nood
al dwalend, klagend, wat in graf en dood
geen rus kon vind nie, maar nag soek en smag.

My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.
Ek hoor dan maar hoe loei die storm daar buite,
ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;
hier binne is die veilig, warm en dig.

Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan -
dit is ‘n rots waarop my huisie staan.